Onderwerp: COVID-19 **Groep:** Gr R **Klas:** _____

Datum: _____ **Onderwyser:** _____

Uitkomste
Luister: • Luister sonder om in die rede te val **Praat** • Beantwoord vrae • Gee eie opinie • Praat gemaklik voor klasmaats

Les

Inleiding:
Praat met die kinders oor die Koronavirus en vra wat hulle weet. Verduidelik dat hulle na die gediggie moet luister en die vragies moet antwoord.

Virus, virus

Virus, virus waar is jy?
Jy gaan my nie onderkry!
Ek dink dit is tyd dat jy moet gaan,
gaan speel eerder daar op die maan.
Met my masker sal ek teen jou veg.
Solank jy net hier kan weg!
My neus en mond is toe, ek wil jou nie proe.
Jy laat my hoes en nies, ag nee dis sies!
Virus, virus waar is jy? Ek dink jy moet nou gly!

GESKRYF DEUR ELZANE BRAND

1. Hoekom soek hulle na die virus? *Omdat hy so klein is dat jy hom nie kan sien nie.*
2. Waar moet die virus gaan speel? *Op die maan.*
3. Waarmee veg hulle teen die virus? *Met 'n masker.*
4. Wat maak die virus as hy in jou mond kom? *Hy laat my hoes en nies.*
5. Wat dink jy kan ons doen om die virus te laat gly? Eie antwoorde. *Ons moet na die president en ons juffrou en ouers luister. Ons moet ons hande met seep was, ons moet ons maskers dra. Ons moenie in groot groepe mense beweeg nie.*

Afsluiting:
Leerders kan weer na die gedig luister en dit ook aanleer.